DEEL 116 | WEEK 8 | 23 FEBRUARIE | 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Twee Kokkedore onder een dak

Die lug by De Vry Distillery is gevul met groot opgewondenheid. Die jongste lid van hul span bring 'n bekende gesig terug na die kokkedore-liefhebbers wat in 2019 die reeks op kykNET gevolg het.

Wilhelmina Thirion Garção en Pasch du Plooy stap al 'n geruime tyd 'n pad van vriendskap en deel hul passie vir kos. Vir dié wat die derde seisoen van Kokkedoor dophou, is die gesig van Wilhelmina soos 'n ou bekende. Sy en Pasch is immers die wenners van dié kompetisie. Wilhelmina is nie nuut in die omgewing van De Vry nie; sy het gereeld uitgehelp wanneer die Du Plooy's funksies het en nou is sy reeds twee weke lank deel van die span. Die gesprekke oor haar aansluiting het reeds van verlede jaar af in die lug gehang, sê Sainkie du Plooy, vrou van Pasch.

Wilhelmina se liefde vir kos het sy reeds as 'n jong meisie in die rustige dorp van Onseepkans op die grens van Namibië ontdek. Sy en haar sussie het in ŉ huis sonder 'n televisie groot geword. Hulle het gereeld, gewapen met 'n geweer en 'n liefde vir skiet, alles wat hulle gevang het, gekook. Wilhelminia het vir ŉ kort tydjie studeer en later begin werk. Na ŉ tydjie in Franschoek het sy na Kimberley verhuis, waar sy in 'n 5-ster gastehuis gewerk het en later haar eie suksesvolle restaurant, Willhelmina's, begin het. Sy het ook in die huis gewerk waar een van die Oppenheimer boeties gebore is. Vir inwoners van Kimberley is sy welbekend met haar smaaklike kosse en het gereeld "Pop-up Bakeries" gehou. Almal was veral lief vir haar gebak wat sy voorgesit het.

Die ontmoeting met Pasch by Kokkedoor het 'n nuwe dimensie aan haar lewe gegee. Na 'n paar jaar van saamwerk by troues en funksies het dit net sin gemaak om bymekaar aan te sluit. Sy is nou die hoofsjef by De Vry, waar sy nie net die kombuis en restaurant bestuur nie, maar ook haar kookkuns aan die publiek demonstreer. Die spyskaart sal binnekort 'n nuwe wending kry met Wilhelmina se koeke en soetgebak. Alhoewel haar besigheid, Willhelmina's, steeds floreer, kook sy steeds vir spesiale geleenthede terwyl Pasch met sy onderneming, Pasch Creative Foods, ook sy kant bring. Die toekoms bied moontlik 'n samesmelting van hul besighede, maar vir nou kan almal die smullekker kos van beide hierdie twee kokkedore by De Vry Distillery geniet.



*Op die foto van links: Pasch du Plooy, Sainkie du Plooy en Wilhelmina Thirion Garção*











# UIT DIE PEN:

## Week 8

My goeie man was onlangs in die hospitaal. Die verpleegkundiges groet my vriendelik, sorg dat hy gemaklik is. Ek vra hoekom almal so vriendelik is? Ons is altyd vriendelik, mevrou. Ek bly by hom totdat hy ingerol word teater toe.

Ek gaan sit in die gang, lees twee weke se Huisgenootstories. Gaan kry later vir my 'n toebroodjie. Met my terugkeer is my goeie man net terug vanaf die teater. Die suster laat my toe om by hom te sit, nie vir lank nie want die ander pasiënte moet rus. Ons kan saam na die dokter se verslag luister. Selfs hy is vriendelik, dog saaklik. Hy verduidelik die prosedure wat gevolg is.

Die saal is stil terwyl elkeen sy medikasie kry. Ek dink terug aan my kleintydse hospitaalervarings. Klerksdorp het 'n groot hospitaal gehad. Gewone mense het soontoe gegaan. Die superrykes het Anncron toe gegaan. ’n Privaathospitaal genoem na Anna Cronjé, as ek reg onthou. Destyds het dit vir my soos ’n verskriklike groot huis gelyk.

Die dorpshospitaal was maar die plek om na heen te gaan. Oupa, ouma, my gryse ou pa, my ma, familie, die hele kaboedel het al daar moes inklok. Ek onthou dat daar 'n lang gang was wat aan die bokant oop was. Die wind het wintertyd daardeur gesnerp.

Die binnegange was 'n vieslike mosgroen aan die onderkant en vuilwit aan die bokant. Emaljeverf wat nie vingermerke gelos het nie. Die verf het nie afgetjip nie. Die ooms het op pad na die saal hulle laaste sigarette in die gang se asbakkies doodgedruk.

Daar was ’n hysbak wat eeue gevat het om tot by die volgende vloer te gaan. Daar was natuurlik kwaai nurses met gestyfde wit kappies. ’n Klokkie het gelui om besoektyd aan te kondig. Ons mag nie op die beddens gesit het nie, maar op die harde houtbankie wat vir twee en 'n halwe boude gemaak is. Die vloere het geblink, die beddens kraakwit en netjies.

Mense mag nie hard gepraat het nie. Jy kan jouself indink watter lawaai dit sou afgee as al agt tot tien mense in die groot slaapsaal elk drie besoekers het wat uit volle bors gesels. Almal was bang vir die matrone, alhoewel niemand geweet het wie sy was nie. Sy was ’n mistieke figuur, het ek gedog.

Elke bed het sy eie lêer gehad wat aan die voetenend gehang het. My ma het ons die dood voor die oë gesweer as ons Die Geheime Lêer durf oopmaak. Dit was slegs vir dokters en susters. Binne-in was daar grafieke met verskillende kleure penne, x-strale en verslae. Of dis wat hulle my vertel het.

Die vensters het oopgestaan en die liggroen gordyne het effens in die aandlug beweeg.

Ons het nooit vir parkering betaal nie en daar was ook nie karwagte nie. Daar was geen restaurant in die hospitaal nie. As jy droëbek aankom, moes jy droëbek sit. Moenie dink jy gaan van die pasiënte se water uit die dik glaswaterkraffie kry nie.

Na afloop van besoektyd het iemand 'n etensklokkie gelui en besoekers het aanstaltes gemaak. Vyf minute daarna het die tweede klokkie gelui en toe moes jy al op pad wees. Anders sou die mistieke matrone haar opwagting maak.

Maar tye het verander.

Ek wonder vandag of daar nog iets is soos "hospitaalmaniere"? Tye het verander: nou betaal ons vir parkering en karwagte. Mense rook nie binne honderd seemyl vanaf die hosptaalingang nie. Die mure is sindelik wit geverf, geen gordyne voor die vensters nie, die vensters maak nie eers meer oop nie. Die kamers het lugreëling. Die ligte kan dowwer en helderder stel.

Elke bed het sy eie TV, die bed kan op en af en hiernatoe en daarnatoe beweeg. Pasiënte kry kos vanaf 'n spyskaart. Amper soos ’n hotel. Fisioterapeute, dieëtkundiges en bloedtrekkers kom knaend iets doen. Alles moontlik ten goede.

Maar ai, die besoekers!

Mnr Chetty lê in een hoek, skuins oorkant my goeie man. Mnr Naidoo skuins aan die anderkant. Mnr Moloi lê een kant langs hom en Mnr Pienaar aan die ander kant. Mnr Pienaar se vrou kom kuier tydens besoektyd en die twee stap buitekant toe vir besoektyd. Mnr Moloi se vrou en sy seun kom sit suutjies langs hom en hulle fluisterpraat. Mnr Naidoo se ma, suster, dogter en vrou (dink ek) stap in. Ma, die matriarg, slaan haar arms om hom, tik hom drie keer op sy rug, vryf sy hande en tik hom twee keer saggies onder die ken.

Ek giggel as ek dink aan hoe goeie man sou reageer as ek hom so onder die kennebak getik het.

Matriarg verseker hom: Alles gaan reg wees, alles gaan reg wees.

Mnr Naidoo het vir sy familie gewag vir aandete: hulle maak sy bord plegtig oop en oe en a vir die geurige kos. Hy eet gulsig. Mnr Naidoo en Mnr Chetty het mekaar vir die eerste keer in die hospitaal ontmoet, omtrent 12 ure gelede.

Mnr Chetty is 'n oorgewig oom wat kort-kort dieselfde geluide maak as Knersus van ouds. Wanneer hy 'n telefoonoproep maak, praat hy met 'n diep basstem. Ek dink hy moes pragtig gesing het in sy jongdae. Sy besoekers is raserig, want hoe harder hulle praat, hoe harder praat hy. Later is dit ’n kakofonie.

Mense sit of lê dwarsoor pasiënte se beddens, sommiges lag luid, die personeel gee raas-raas medikasie. Hulle steel mekaar se plastiekstoele en lewer kommentaar oor die televisiekanale. En ek wonder: is daar nog iets soos "hospitaalmaniere"?

Net voordat ek loop sien ek hoe matriarg Naidoo na Mnr Diepstem Chetty toe stap. Sy slaan haar arms om hom, tik hom drie keer op sy rug, vryf sy hande en tik hom twee keer saggies onder die ken.

Ek dink by myself: ek gaan volgende keer my goeie man sò probeer groet.

# Hê 'n hart, wys jou tone

23 Februarie wys mense regoor Suid-Afrika hulle steun aan kinders wat met kanker of rare bloedsiektes gediagnoseer is deur hulle plakkies te dra en hul tone te wys. Waarom Flip Flop Dag?

Jaarliks word daar meer as 1000 nuwe diagnosis van kinderkanker gemaak. Kanker is ook een van die hoofoorsake van sterftes onder kinders. CHOC Childhood Cancer Foundation of South-Africa het hierdie inisatief verskeie jare terug begin en die projek het intussen gegroei tot ’n suksesvolle projek wat ook help om fondse in te samel vir CHOC sodat hulle hul dienste gratis aan hierdie kinders en hul gesinne kan lewer.

Dienste wat gelewer word sluit in verblyf in CHOC Huise, vervoer na en van die behandeling sentrum, transport ondersteuning wanneer kinders huis toe gaan, emosionele ondersteuning deur ’n maatskaplike werker, voedings ondersteuning, “care bags” vir nuut gediagnoseerde pasiënte asook finansiële sterfte ondersteuning.

CHOC het 13 fasiliteite landswyd waar hierdie gratis dienste gebied word en dit ondersteun die kind en ouer in ’n baie moeilike tyd.

Kinders, sowel as die res van die gesin gaan deur trauma wanneer ’n kind met kanker gediagnoseer is. Behandelingstydperke kan wissel van 1 jaar tot selfs 3 jaar, afhangende die tipe kanker. Verskeie ouers is finansieel nie in staat om ekstra kostes aan te gaan om vir verblyf te betaal sodat kinders by die behandelingsentrum kan wees nie. Behandelingsentrums is meestal by akademiese hospitale. Vir die Vrystaat is die behandeling sentrum in Bloemfontein. Dit is hier waar CHOC ’n verskil maak deur daar te wees en hul diens aan hierdie gesinne te bied.

Baie mense is ook kreatief en gebruik die dag as spanbou en geesbou by werksplekke. Flip Flops word ook op prettige maniere versier. Verskeie skole neem ook deel en het baie kreatiewe idees om die dag lekker te maak. Van kantoor tot stoor, lang tone, kort tone of krom tone. Die ondersteuning maak ’n verskil in kinders wat dapper stry teen kanker se lewens en dra by tot soveel meer.


Indien jy meer wil weet oor CHOC Childhood Cancer Foundation of SA se werksaamhede, besoek gerus hul webwerf by www.choc.org.za of kontak gerus die streekkantoor by 051 522 6671.



















Vertroue in ons toekoms
SAAM STAP ONS DIE PAD NA SUKSES
Ons is boere. Ons verstaan jou uitdagings en jou drome.
Vir meer as 'n 100 jaar is BKB aan die plaas gebonde. Daarom, by BKB Frankfort, beywer ons onsself vir veeveilings op die plaas. Dit bied verbeterde biosekuriteit, sny vervoerkoste, en verbeter deursigtigheid - alles in die beste belang van ons boere. Wees verseker, met ons deursigtige veeveilingsplatforms en plaaslike kennis, is ons hier vir jou vee.
Saam baan ons die toekoms van landbou, en beweeg ons nader aan mekaar en aan jou. Saam kweek ons welvaart. Dit gaan oor julle - die boere, Frankfort se gemeenskap, ons gemeenskap.
Vir julle vertroue in die toekoms, vir julle vertroue in ons. Dankie.
www.bkb.co.za
BKB
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING

# Minister sê Ngwathe is te blameer vir Heilbron se waternood

Die skuld vir Heilbron en Phiritona se maandelange waternood word voor die deur van Ngwathe se munisipale bestuur gelê. In 'n skrywe van die minister van waterwese en sanitasie, mnr. Senzo Mchunu wat verlede week aan die Vryheidsfront Plus se LP, Tammy Breedt gerig is, sê die minister dat die Ngwathe munisipaliteit nooit gereageer het op Rand Water se kennisgewing in Desember oor vloeibeheer om watervlakke in die watervoorsiener se opgaardamme te reguleer nie.

Vloeibeheer maatreëls sou volgens die kennisgewing in Eikenhof, Mapleton en Vereeniging ingestel word omdat verhoogde waterverbruik glo druk op Rand Water se watervoorsieningstelsel geplaas het. In die kennisgewing is gesê dat Rand Water se opgaardamme met die uitreik van die kennisgewing toe al onder 38% gedaal het. Die minister sê dat die munisipaliteit se swye hieroor geïnterpreteer is dat die munisipaliteit die inhoud van die kennisgewing aanvaar. Boonop sê die minister dat die onstabiele bestuurstruktuur van Ngwathe, en vakante poste in sleutel poste by die munisipaliteit, bydra tot swak bestuur van watervoorsiening in Ngwathe, en 'n gesukkel om resolusies geïmplementeer te kry.

Die minister vaar ook uit oor onbevoegde en onervare tegniese personeel wat bydra tot swak dienslewering. Verpligte Standaarde vir Nasionale Water en Sanitasie is op 12 Januarie vanjaar in die staatskoerant gepubliseer juis om die kwessie aan te spreek met minimum kwalifikasies en toepaslike ervaring vir senior beamptes in waterdienslewerings en by munisipaliteite wat hierin uiteengesit word. Munisipaleite het 24 maande na die publisering van dié kennisgewing om hieraan te voldoen.

Sedert Desember ontvang Heilbron en Phiritona net ongeveer 4,4 megaliter water per dag van die 8 megaliter water wat Rand Water normaalweg aan Heilbron verskaf het.

Hoewel Rand Water se pyplyn van sy pompstasie in Sasolburg na die opgaardam in Heilbron 'n kapasiteit van 12 megaliter water per dag het, sê die minister dat die 8 megaliter water wat vroeër aan Heilbron voorsien is, reeds die diensleweringsooreenkoms tussen Rand Water en Ngwathe vir 7 megaliter water per dag oorskry het.

Die minister sê die departement het met die munisipaliteit en Rand Water in gesprek getree om te probeer om 'n beter strategie te kry vir watervoorsiening aan Heilbron en Phiritona, en dat sy departement sal voortgaan om oplossings vir die waterkrisis te soek.

Wat egter nie deur die minister gesê word nie, is of Ngwathe se wanbetaling van sy rekening aan Rand Water dalk die rede is vir die verminderde watertoevoer na die dorp.

Rand Water het op 8 Desember 2023 in 'n verklaring vyf wanbetalende munisipaliteite met lank uitstaande skuld uitgewys. Hieronder tel ook die Ngwathe munisipaliteit wat toe reeds die waterskaffer R61,4 m geskuld het. In sy verklaring het Rand Water gesê dat langdurige onderhandelige met munisipaliteite 'n dooiepunt bereik het, en dat daar duidelik geen intensie is om te betaal of afbetalingsooreenkomste aan te gaan nie.

Rand Water het gevolglik volgens wetlike voorskrifte met die munisipaliteite 'n dispuut tussen regeringsorgane verklaar om die betalingsprobleem te probeer oplos.

Die Vryheidsfront Plus het vroeër 'n petisie oor Heilbron se benarde watersituasie in die dorp aan Ngwathe se uitvoerende burgemeester, rdl. Victoria Mtombeni-De Beer oorhandig waarop sy aangedui het dat die petisie haar hand sterk om oplossings te probeer soek.

Na aanleiding van die minister se stelling dat Ngwathe nie op die vloeibeheer kennisgewing gereageer het nie, het rdl. Van der Merwe gesê dat dit hieruit duidelik is dat die burgemeester en Ngwathe se senior bestuur Heilbron en sy inwoners versaak het.

Hy wys daarop dat hy na Rand Water se kennisgewing die burgemeester in kennis gestel het van die implikasies van die kennisgewing, en gevra het dat 'n dringende vergadering met die Rand Water-raad en 'n multi-party afvaardiging van Ngwathe gehou moet word. Vele WhatsApp en telefoniese kommunikasie later, is daar geen terugvoer of so 'n vergadering wel plaasgevind het nie, bo en behalwe 'n vergadering wat glo weens beurtkrag geherskeduleer moes word.

Rdl. Van der Merwe was deel van 'n multiparty afvaardiging saam met amptenare van Ngwathe en Rand Water wat in Februarie 2021 die kapasiteit van die Rand Water pyplyn na Heilbron bespreek het. Op daardie stadium is uitgewys dat selfs die voorsiene 8 megaliter water per dag aan Heilbron, nie genoeg was om die opgaardam minstens halfvol te kry wat nodig is vir natuurlike gravitasie om water aan sekere dele van Phiritona te kan voorsien nie.

Dit het toe geblyk dat Rand Water 4 megaliter van die Heilbron-pyplyn kapasiteit gebruik om die Kragbron-nedersetting van water te kon voorsien, en dat 'n klep wat die watervoorsiening tussen Heilbron en Kragbron, moes reguleer foutief was. Dit het nog verdere watertekorte vir Heilbron veroorsaak. Rand Water het toe die versekering gegee dat die foutiewe klep vervang sou word en 'n direkte pyplyn vir Kragbon aangelê sou word wat teen September 2022 voltooi moes wees. Daarna sou die volle kapasiteit van die pyplyn vir Heilbron glo beskikbaar wees, sê rdl. Van Der Merwe.

Bevestiging hiervan is by herhaling van die burgemeester gevra, sê hy. Hy het ook vrae oor die diensleweringsooreenkoms waarvan verwys is en waarvan raadslede nie kennis dra nie.

Die kommer is of Rand Water die kapasiteit het om voldoende water te kan voorsien aan Heilbron, en of wat nou gesien word, nie dalk beurtwater is soortgelyk aan Eskom se situasie met beurtkrag nie, sê rdl. Van der Merwe. Hy het weer in sy skrywe aan die burgemeester gevra vir antwoorde oor hoe Ngwathe se skuldlas aan Rand Water en die gebrek aan 'n afbetaalplan Heilbron se watersituasie beïnvloed.

*Erkenning:*
*Liezl Scheepers van Parys Gazette.*

# Rugby held Duane Vermeulen belê in Deneysville

Deneysville, 'n rustige dorpie aan die oewer van 'n skilderagtige dam, is besig om sy horison uit te brei met die toevoeging van 'n reeks nuwe besighede en brouerye. Die onlangse opening van die De Sluishuis, sowat 500 meter van die sluis af, het nuwe klanke en geure na die omgewing gebring. Wat nog meer interessant is, is dat hierdie besigheid 'n verhaal het wat diep in die geskiedenis van die streek gewortel is.

Die grond waarop die De Sluishuis nou pronk, het oorspronklik aan die rugbyheld Duane Vermeulen se skoonpa en twee broers behoort. Nadat Duane en sy vrou Ezél die grond gekoop en oorgeneem het, het die vraag ontstaan wat om daarmee te doen, veral te midde van die onsekerhede wat deur Covid veroorsaak is. Uiteindelik het hulle besluit om die De Sluishuis te skep, 'n ruimte wat nou 'n gesellige atmosfeer bied vir die gemeenskap. Die besigheid word tans bestuur deur Duane se skoonsuster en swaer. Hulle visie vir die De Sluishuis is om dit 'n bestemming te maak vir mense van oral oor. Die padstal bied 'n verskeidenheid heerlike eetgoed en drinkgoed, van die fynste wyne tot verfrissende bier. Die De Sluishuis het selfs 'n kort staproete vir diegene wat klein bietjie aktief wil wees. Dit is ook dierevriendelik, wat beteken dat selfs jou harige vriende welkom is.

Alhoewel Duane nie persoonlik by die De Sluishuis is nie, sien hy uit daarna om af en toe 'n draai te maak om die atmosfeer te geniet en met die gemeenskap te meng. Die De Sluishuis het groot planne vir die toekoms en nooi almal uit om die unieke ruimte te kom verken en te geniet. Die groeiende bedrywighede in Deneysville, insluitend die opwindende toevoeging van die De Sluishuis, weerspieël die veerkragtigheid en innovasie van die gemeenskap. Hierdie nuwe besighede is nie net 'n bron van vermaak nie, maar ook 'n manier om die geskiedenis en kultuur van die streek te vier. As jy op soek is na 'n plek om te ontspan en te geniet, is Deneysville en die De Sluishuis beslis die moeite werd om te besoek.






*Op die foto agter vl: Duane Vermeulen, Ezél Vermeulen, Ané Steyn en Cor Steyn.*
*Voor: Anru Vermeulen, Zian Vermeulen, Kylie Steyn en Juhan Steyn.*

# Mother and Child Project at Heilbron Clinic:

## *Promoting Health Education and Support*

At the Heilbron Clinic, a significant initiative called the Mother and Child Project took place recently, aiming to provide essential health education and support to expectant mothers and their children. Led by a dedicated nutritionist, the project focused on educating mothers about the importance of healthy eating during pregnancy and childhood nutrition.

The health education sessions, facilitated by the nutritionist, covered topics such as proper antenatal and post-natal care, as well as the correct feeding practices for both mothers and children. It was a comprehensive effort to ensure that mothers were equipped with the knowledge and resources necessary to support their own health and the health of their children.

In addition to the informative sessions, the project also included practical demonstrations and interactive discussions to engage the mothers and enhance their understanding of the topics discussed. The aim was not only to provide information but also to empower mothers to make informed choices regarding their health and the health of their families.

Furthermore, as a gesture of appreciation and support, the committee organizing the project treated all the mothers and children in attendance with gifts and refreshments. This thoughtful gesture added a sense of warmth and community spirit to the event, reinforcing the message of care and support for maternal and child health.

Overall, the Mother and Child Project at Heilbron Clinic served as a vital platform for promoting health awareness and education within the community. By emphasizing the importance of proper care and nutrition during pregnancy and early childhood, the clinic personnel endeavored to make a positive impact on the health and well-being of mothers and children in the community.



*In the photo from left to right: Lea Fourie, Riekie Els, Hettie Rothman, Lenie Roodt, Ishmael Mohlamme and Petrus Lekota.*





**Heilbron Health Committee 2024**
*Petrus Lekota, Lea Fourie, Ishmael Mohlamme Hettie Rothman, Riekie Els and Lenie Roodt.*




**VAKATURE**
**Geregistreerde Verpleegkundige**
**Huis Silwerjare Petrus Steyn**

VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE
FREE STATE CARE IN ACTION
TLHOKOMELO TSHEBETSONG YA FREISTATA

**Posvereistes:**
- Erkende toepaslike kwalifikasie as Geregistreerde Verpleegkundige (SANC).
- Bewys van registrasie by die Raad op Verpleging as Geregistreerde Verpleegkundige (kwitansie aangeheg).
- Minimum 5 jaar toepaslike ondervinding.
- Rekenaarvaardig.
- Kennis van Wet op Ouer Persone (Wet 13 van 2006) asook Bejaardesorg (aanbeveling).
- Geldige rybewys.
- Taalvaardig – Afrikaans, Engels – derde taal sal 'n aanbeveling wees.

**Vergoeding:**
• Salaris (Onderhandelbaar)
• Pensioenfonds • Diensbonus

**Sluitingsdatum: 15 Maart 2024**

**Belangstellendes moet CV rig aan:**
**Die Bestuurder Huis Silwerjare**
**Epos: huissilwerjare@gmail.com**









# Heilbron se dames geniet 'n gesellige byeenkoms by die Tuinbouklub

Die dames van die Heilbron Tuinbouklub het Woensdag bymekaar gekom vir 'n uitruil van oulike wenke en gesellige geselskap. Waardevolle inligting oor die gebruik en voordele van laventel en die wonderlike eienskappe van kruie is gedeel. Die vroue het nie net praktiese wenke gekry oor hoe om laventel in die tuin te verbou nie, maar het ook gesels oor die verskeie voordelige eienskappe wat dit het.

Carol Snyman het haar mede-klublede geïnspireer met kreatiewe maniere om laventel in hul kos en ander huishoudelike toepassings te gebruik. Een van haar slim wenke was om gedroogde laventelstokkies te gebruik vir sosaties, wat 'n unieke geur en smaak aan die kos gee. Die gesprek het ook gegaan oor die breër gebruik van kruie in die huis asook in die tuin om ongewenste insekte weg te hou. Hierdie nuttige inligting kan die vroue help om meer organiese en natuurlike metodes te gebruik om hul omgewings te beskerm.

'n Spesiale gas, Nicoleen Roos, is genooi om die vroue meer te vertel oor die produkte van Ruha. Ruha is bekend vir sy heerlike bad- en liggaamsprodukte wat op 'n organiese en natuurlike wyse vervaardig word. Die vroue het nie net die geleentheid gehad om meer te leer oor die gesondheidsvoordele van hierdie produkte nie, maar ook om 'n paar van hul gunstelinge uit te probeer.

Na die waardevolle inligtingsessie het die vroue die kans gehad om te ontspan en bietjie op te vang oor 'n stukkie koek en tee.







*Op die foto voor vl: Carol Snyman, Georgina Weiss, Mariette Harvey, Pia Pienaar, Nicoleen Roos, Sannetjie Lombard, Gerda Myburgh, Gerda Pieters en Annette Myburgh. Voor vl: Mari Myburgh, Wilna de Bruin en Petro Meintjes.*

*Foto regs: Nicoleen Roos met haar Ruha produkte.*




# Huppel Trippel vier Valentynsdag

Omtrent 50 lede het heerlik onder die koeltebome gesit en teug aan 'n yskoue 'float'. Al was dit 'n paar dae nadat 'Vaaltyntjie' in die tuin geval het, het dit geen afbreuk gedoen aan die genoeglike saamkuier nie. Veronica Burger en Albie Schoeman het bygedra tot die heerlike bederf. Baie dankie vir julle pragtige gesindheid, julle twee! Dit word opreg waardeer. Op 5 Maart behels die program 'n rolstoelstap rondom die Oord - kompleet met 'pitstops' en alles wat daarmee saamgaan. Onthou om saam te kom kettie skiet en jukskei speel - alles wat nodig is word voorsien.



# Tomato Soup

### INGREDIENTS

- 2 tablespoons olive oil
- 1 tablespoon unsalted butter
- 1 large onion, cut into pieces
- 1 clove garlic
- 1½ tablespoons plain flour
- 2 (400g) tins peeled tomatoes
- 750ml chicken stock
- 1 tablespoon sugar
- salt and black pepper
- 3 tablespoons fresh or dried basil (optional)

### INSTRUCTIONS

Heat oil and butter in a large pot. Add onion and stir until softened, about 5 minutes. Stir in garlic and 1½ tablespoons plain flour.

Add tomatoes and chicken stock; bring to the boil.


Simmer for 15 minutes. Season to taste with sugar, salt and pepper.

Puree in a blender and return to pot.

Garnish with basil.





# KENNISGEWINGS

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**
**In the Estate of the Late:**
Surname: **DELPORT**
First names: **PETRUS HENDRIK**
Estate number: **4257/2022**
Identity/passport number: **451226 5012 088**
Date of death: **24/03/2022**
Last address: **PLOT 164, NEDERSETTING, KOPPIES**
The **First and Final** Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 23 February 2024 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's office, Koppies.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**HERMINA SUSANNA DELPORT**
Identity/Passport Number: **510214 0095 083**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**Ref: AA SCHUTTE/eh**
**DATE SUBMITTED: 2024/02/12**
**PUBLICATION ON: 2024/02/23**

**KENNISGEWING**
In die boedel wyle:
**JOHANNA HENDRINA VAN WYK**
Gebore: **1934-07-20**
Identiteitsnommer: **340720 0027 088**
Boedelnommer: **6957/2023**
Adres: **Theronstraat 5, Petrus Steyn, 9640**
Datum van afsterwe: **2022-11-03**
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 23/02/2024.
**AGENT:**
**VAN ZYL - FOURIE PROKUREURS**
**REITZSTRAAT 16 / POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 083 547 9244**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **1 Maart** | Wêreldbiddag vir Vroue om 08:00 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **2 Maart** | (Saterdag) - Basaar @ NG Kerk Moedergemeente |
| **8 Maart** | Ribburger verkope @ AGS Heilbron |
| **10 Maart** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **16 Maart** | • Gholfdag @ NG Kerk Heilbron-Suid<br>• PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal<br>• Vroue-ringskonferensie @ Reitz Moedergemeente |
| **17 Maart** | (Sondag) Willie Joubert tree op om 09:00 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **26 Maart** | Bloedskenk in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **29 Maart** | Goeie Vrydag: Gesamentlike erediens en nagmaal @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Maart** | Paassondag: Gesamentlike erediens @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **20 April** | PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **2 Augustus** | Suiderkruis Restaurant.<br>Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **17 Augustus** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Augustus** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

**SKOOL TERMYNE 2024**
**SKOLE SLUIT 20 MAART**
**OPEN 3 APRIL**
**SLUIT 14 JUNIE**
**OPEN 9 JULIE**

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




## FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National







# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**EKSTRA KLASSE**
Rekeningkunde ekstra klasse
Gr 8 tot 12
Kontak: Magda Kruger 082 223 3287

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*




**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com




**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
**Kontak:**
**Ryno 073 268 7565**
**ryno.dupno@gmail.com**



HERALD Sport

# Heilbron wen die Ryder Cup

Verlede Vrydag en Saterdag was die jaarlikse Ryder Cup teen Frankfort op Heilbron aangebied. Vrydag was die formaat dubbelspel, wat Frankfort 11/9 gewen het, Saterdag na die individuele spel het Heilbron uitgeblink met 'n totaal van 32/28 punte wat hulle oorwinning verseker het.

Heilbron spog met die mooi beker wat in die klub staan en wat hulle met trots verower het. Daar is heelwat Heilbron gholfers wat vir die eerste keer aan die Ryder Cup deelgeneem het. Vrydag se beste spelers, albei met 47 punte, is in die eerste plek: Enrico Schultz & Eduan Naudé en tweede plek: JD Claasen & Ishmael Moeketsi. Saterdag se topspelers was Ishmael Moeketsi (eerste plek), Ds. Willem van Schalkwyk (tweede plek) en in die derde plek Heilbron se kaptein Zacharia Mholo.

Die spelers en besoekers het heerlike ingelegte produkte en varsgebak by die uitstallers gekoop. Almal was bedank vir hulle goeie spel en positiewe sportmangees, waarna lekker saamgekuier is. Die kunstenaar Botter het van vroegmiddag af opgetree en almal vermaak met sy mooi musiek.

Vrydagaand se Joker speletjie is gewen deur Enrico Schultz met 'n pot van R3 000 waarvan die klub 30% ontvang het. Inskrywings open weer vanaand om 18:30 vir hierdie week se trekking. Almal is welkom om die klub oor die naweek te besoek.



*Heilbron Gholfklub se wenspan.*



*Vrydag se wenspan: Adriaan Smit, Enrico Shultz en Eduan Naude (Wenners), Shaun Hayward.*



*Vrydag se tweede span: Adriaan Smit , JD Claasen en Ishmael Moeketsi (naaswenner), Shaun Hayward.*



*Saterdag beste speler: Shaun Hayward, Adriaan Smit en Ishmael Moeketsi (wenner).*



*Saterdag beste speler: Shaun Hayward, Adriaan Smt en Ds Willem van Schalkwyk (naaswenner).*



*Saterdag beste speler: Shaun Hayward, Adriaan Smt en Zacharia Mholo (derde plek).*



*Baankapteine: Adriaan Smit en Riaan Pretorius.*



*Uitstallers, Elize en Chris Breytenbach en Gerda Pieters.*



*Kosvoorbereiding en dekor: Christelle en Riana Adlem.*

# Rolbal Fun aand

Heilbron Rolbalklub het 'n "fun" aand gehou op Woensdag 21 Februarie 2024. Dit is gehou met die oog daarop om die provinsiale spelers te help om van hulle uitgawes te dek. Spanne met name soos Ah-Dorkables, Beauties and The Boers, Glitter Force ens, het met die snaaksste uitrustings opgedaag. Daar was tot manne wat rooi naels en pienk lippe gehad het, om nie te praat van die "lashes"nie! Dit het vir baie pret gesorg. Ons President Edward Muller het die spelers bederf met 'n skaappotjie uit die boonste rakke. Heilbron Rolbalklub bedank elke persoon wat deelgeneem het, "opgedress" het en net pret gehad het saam met ons.



# Pieter Baan se onoorwonne 54 lei Heilbron na naelbyt oorwinning

Die krieketwedstryd tussen Heilbron en Rust Ter Vaal was Saterdag 'n boeiende stryd, met Pieter Baan wat 'n onoorwonne 54 lopies vir Heilbron aangeteken het en sy span na 'n naelbyt oorwinning gelei het. Rust Ter Vaal het uitgeblink met hul boulwerk, veral deur die vernuftige boulwerk van Ettiene Le Roux, wat 5 van Heilbron se kolwers uitgehaal het met sy doeltreffende draaiboulwerk. Die linkshandige bouler het die bal met vernuf laat draai, wat die kolwers laat bontstaan het. Pieter Baan het egter geduldig die boulwerk ontleed en sy geleenthede afgewag voordat hy toegeslaan het. Hy het met 'n indrukwekkende vertoning wat 6 viere en 4 sesse insluit, Heilbron na 'n redelike telling geneem wat verdedig kon word. Juan Botha het ook 'n goeie bydrae gelewer deur 4 paaltjies vir 31 lopies te neem, terwyl Arno Swart 'n uitstekende vangskoot gevat het om die Heilbron-span verder te ondersteun. Vir sy briljante vertoning is Pieter aangewys as die speler van die wedstryd, met 'n bydrae van 54 lopies en 'n paaltjie geneem. Die Heilbron-span se volgende wedstryd wag die naweek teen Vereeniging. Die wedstryd vind plaas om 13:00 by Hoërskool Heilbron. Alle krieketliefhebbers en ondersteuners word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon, waar daar ook heerlike braai en gesellige kuier geleenthede beskikbaar sal wees.



*Op die foto vl: Pieter Baan en Pieter Bronkhorst.*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG- 26 FEBRUARIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 27 FEBRUARIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
ERMELO Aanteelveiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DELMAS/LEANDRA: JGP BOERDERY IMPLEMENTE VEILING
11:00, Die Kliphuis
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
KLERKSDORP: HW & EH LEMMER FAMILIE TRUST
Bonsmara veiling
11:00, Skougronde
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

**WOENSDAG - 28 FEBRUARIE 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
RANDFONTEIN Maandelikse veiling.
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
GREYLINGSTAD: BOEREVERENIGING IMPLEMENTE VEILING
11:00, Boerevereniging saal
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

**DONDERDAG - 29 FEBRUARIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DUNDEE Aanteelveiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365

**VRYDAG - 1 MAART 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 2 MAART 2024**
RAYTON: 16DE OVERVAAL DEXTER KLUB VEILING
11:00, Willem Prinsloo Landbou Museum
R104 Ou Pretoria pad
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za